



10 Augustus 2022

FAMILIENUUS 421

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Ons groet vanuit die Sinodehuis. Die natuur is besig om te verander. Die Augustus-wind moet seker nog waai maar die bietjie warmer weer is lekker...

Ons het Sinodesitting gehou: baie dankie vir 'n lekker sinodesitting! Dankie vir elkeen se deelname, entoesiasme, unieke gewes en insette. Dankie vir die lekker saamkuier. Dankie vir elkeen wat omgee, uitreik, dien, gee, bid en getuig...

Ons Familienuus se "kop" verander ook nou: "*Hier is ons. Stuur ons!*" Mag die Here elkeen van ons 83 gemeentes stuur en gebruik en seën...

GEMEENTES EN LERAARS

In Pas is die groep wat nadink oor ons missionale roeping in die wêreld. Ons Sinode se span nou graag almal wat hierin belangstel om deel te word van die gesprek. Hier is 'n groot geleentheid: "Ons wil jou graag nou na 'n afskop [geleentheid 22-24 Augustus 2022](#) by eMseni in Kemptonpark." (die sluitingsdatum behoort nie 'n probleem te wees nie...)

SUID-AFRIKAANSE GEMEENTE IN ENGELAND

'n Geestelike tuiste vir wêreldreisigers

Die SA Gemeente bedien hoofsaaklik Suid-Afrikaners wat in Engeland woon. Ons hou eredienste op 5 verskillende plekke regoor die land. Ons wil graag 'n geestelike tuiste bied waar lidmate mekaar kan bedien en toerus om die Here se liefde te deel daar waar hulle elke dag leef en werk.

As julle weet van iemand wat op pad is Engeland toe, onthou asseblief om hulle te vertel dat hier 'n gemeente is wat hulle graag op hulle nuwe reis wil help om tuis te kom.

Vir verdere navrae, kontak dr Ferdie Clasen by ferdie@sagemeente.com of whatsapp +447881092750. Laai gerus ook ons gratis app af (soek onder "SA Gemeente") of besoek ons webwerf: <https://www.sagemeente.com>

SINOOS SEËN RAMPFONDS

Ons vennote by die Rampfonds het foto's gestuur van watertens wat in KZN na die terrein van die Rooikruis gestuur is om water aan gemeenskappe te voorsien. Later gaan hierdie tens na gemeentes geskuif word om vandaar water aan die plaaslike gemeenskap te kan gee. Die droogteprojek in die Kaap gaan ook nog steeds voort. Gemeentes, individue en besighede kan steeds via ons SOS Rampfonds daartoe bydra. Kontak vir Cathy by finans@sinoos.co.za vir besonderhede.



SINODESITTING

Ons het 'n heerlike Sinodesitting gehou! Baie dankie vir al die afgevaardigdes, die aanbieders uit ons eie geleedere, die CMR – dit was sommer net lekker!

Die nuwe Sinodale Diensraad vergader eersdaags om inhoud en struktuur te gee aan ons Sinode-wees vir die volgende 4 jaar. Die insette wat vanaf ons indekskaarte kom, word deeglik deurgegaan en bespreek. Weer 'n keer dankie aan die mense van Pierre van Ryneveld vir reëlings, gasvryheid en fasiliteite.

PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Ons stuur [Omsendskrywe 5](#) na alle lede met inligting oor die wysigings aan die beleggings-samestelling van lede se portefeuljes.

Lede van die Pensioenfonds moet deurentyd seker maak dat die nodige **benoemingsvorms** opgedateer is. Op die Retirement Fund Web (vra die personeellid wat hiermee werk in julle kantoor) is daar 'n skakel na die benoemingsvorms.

Op die RFW is daar ook 'n **Ledegids en verskeie Hulpdokumente** om personeel te begelei deur al die prosesse rakende pensioene.

Skakel gerus met Theo Smith om 'n afspraak te reël met **Fanie van Vuuren van Graviton** oor jou persoonlike pensioensituasie. Fanie is deur die Pensioenfonds as die Voorkeur Diensverskaffer aangewys.

Ons herhaal die vorige skrywes oor die Pensioenfonds vir die dringende aandag van kerkkantore en leraars en amptenare:

1. Theo Smith skryf aan die Uitvoerende Amptenare van die Transvaal Sinodes: "Dit is nou presies 'n jaar gelede wat die **heffing op gemeentes en instellings ingestel is. U sal onthou dat hierdie besluit geneem was om die langtermyn funksionering van die Pensioenkantoor te befonds.**

Ons gee almal kans tot **einde Augustus** om die volle betalingstermyn deur te sien. Ons was immers laat om die bankbesonderhede deur te gee nadat die bank gesloer het met die opening van die rekening."

Die helfte van ons sinode se gemeentes het nog nie hierdie heffing begin betaal nie. Kom ons kry ook hierdie saak in plek in elke gemeente en instansie wat 'n werkgewer by die Pensioenfonds is. Die bedrag is **R100 per werkgewer** per maand. 'n Gemeente tel as een werkgewer ongeag van die aantal predikante en personeel. Dieselfde geld 'n CMR-kantoor of ouetehuis.

2. **Ons heg 'n [skrywe](#) aan wat vanaf die FSCA ontvang is in verband met die laat oorbetalings van pensioen wat by werknemers afgetrek is. Die brief is ernstig: daar is slegte gevolge vir 'n werkgewer wat nalatig is met die oorbetalings van geld wat by 'n werknemer afgetrek is.** Die reël is steeds dat die fondse in die bankrekening van Sanlam moet toon op die 7e van die volgende maand. Wees liewers veilig: betaal die geld oor op dieselfde dag as wat dit afgetrek word by die werknemer. Op hierdie wyse begin die geld dadelik "werk" tot voordeel van die werknemer.
3. **'n Stukkie goeie nuus vir leraars wat op 1 Oktober 2013 lid van die Predikante Pensioenfonds was:** daar word 'n bedrag aan elke leraar oorbetaal as agterskot nadat al die kostes van die vorige pensioenfonds betaal is en baie komplekse berekenings gedoen is. Theo Smith se skrywe word [hier](#) aangeheg. Die skrywe is ook per e-pos na leraars gestuur.

DIE NOOD IN ONS GEMEENSAP

LET'S BUILD TOGETHER

A devastating fire broke out at the offices of Akanani in the early hours of Monday 1 August 2022.

Akanani (meaning let's build together) is one of the programmes of Tshwane Leadership Foundation, which works with the homeless community in the inner city of Pretoria. The fire came at the worst time ever, because Akanani was ready to establish a Computer training centre and had 20 donated computers in the offices. Five staff laptops were also destroyed, and 9 office computers, as well as a photocopy machine. The loss also includes office furniture, files and other items. However, most devastating is that a life-giving space has been ruined.

The team at Akanani focuses on outreach activities in the inner city, and then supports homeless persons who come to seek help at the drop-in centre with food and other practical items, as well as employment support and psycho-social care. During the past year Akanani managed to secure jobs for 135 community members, and supported 769 persons with CV's, job referrals, ID's, and job skills training. The outreach teams interacted with more than 3,000 community members and offered information, health support, and advice.

The office is fully destroyed and this will hamper the work of Akanani exponentially. The staff team of Akanani will move in at the chapel at the TLF head offices temporarily, but support is needed to get back on track and to offer much needed services to the homeless community.

Akanani will have to regroup and rebuild. Support will be needed to get back on track with establishment of the Computer training centre, and to settle in a new space. Please consider a financial gift, or any in-kind donation including furniture, computers, or a decent size photocopy machine for printing of CV's and copying of documents of homeless persons.

Please contact Johan Robyn at 072 120 6251 or at johanr@tlf.org.za for more information.



AKANANI IS A PROGRAMME OF THE TSHWANE LEADERSHIP FOUNDATION. JOURNEYING WITH HOMELESS MEN AND BOYS BY SEEKING HOLISTIC HEALING AND INTEGRATION INTO SOCIETY THROUGH OUTREACH, DROP IN CENTRE AND EMPLOYMENT CENTRE.

**BANK DETAILS:
TSHWANE LEADERSHIP FOUNDATION NPC
BANK: NEDBANK
ACCOUNT NUMBER: 1101233869
BRANCH CODE: 198765
REFERENCE: AKANANI**

MOSAMBIEK

Victor Cloete [vertel](#) ons van sy onlangse besoek in Mosambiek.



PRODUKTE en TOERUSTING

Die **Christelike Kernensiklopedie (eCKE)** is die elektroniese uitbouing van die “Christelike Kernensiklopedie” (CKE) wat in 2008 in papierformaat (1212 kleurbladsye) by Lux Verbi.BM verskyn het en in 2009 die ontvanger was van die Pieter van Drimmelen-medalje van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die eCKE is die afgelope tien jaar met die CKE as basis ontwikkel tot die enigste elektroniese ensiklopedie van dié aard in Afrikaans wat gratis beskikbaar is (dit is te kry by www.ecke.co.za).

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za .

Daar is reeds inligting beskikbaar oor die aanlyn-**Lentekonferensie**. Ons heg die [brosjure](#) hierby aan.

ADMINISTRASIE

Ons het die inligting wat in **Jaarboek 2023** geplaas word aan gemeentes gestuur om die besonderhede daarvan na te gaan en te korrigeer waar nodig. Doen dit asseblief dadelik – ons sperdatum kom nader... Stuur dit na Elna by argief@sinoos.co.za.

Ringe wat in hierdie of die komende weke vergader, moet asseblief hulle getekende sakelys en notule aan argief@sinoos.co.za stuur vir veilige bewaring. Gee ook vir ons die name van die Ringsdiensraad vir die volgende termyn.

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

VERJAARSDAE



Hartlik geluk aan elkeen wat tot 29 Augustus verjaar.

PREDIKANTE

- 15 Augustus - Hardus van Niekerk, Middelburg-Suid
- 24 Augustus - Chris Zietzman, Tzaneen
- 25 Augustus - Ryno Meyer, Pierre van Ryneveld
- 27 Augustus - Jaco Barnard, Pretoria-Garsfontein

EMERITI

- 14 Augustus - Carl Louwrens, Krugerwildtuin 2021
- 15 Augustus - Charl De Kock, Elarduspark 2020
- 16 Augustus - Clifford Weinmann, Cachet 1999
- 17 Augustus - Jannie du Plessis, Elarduspark 2013
- 23 Augustus - Louis Swart, Montana Kapelaan Korrektiewe dienste1993
- 25 Augustus - Pieter van Niekerk, Pretoria-Oosterlig 2016

GEMEENTES

- 16 Augustus - Marble Hall (71)
- 22 Augustus - Pretoria-Garsfontein (40)
- 23 Augustus - Tygerpoort Tygerpoort, Tygerpoort (Pretoria) (41)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za



NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIK [HIER](#).

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieër of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is. Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful. Please immediately contact the sender if you have received this message in error.